higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste Vraestel)

**NKR VLAK 2**

(4020242)

**5 Maart 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 140**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip – Tydskrifartikel
   AFDELING B: Opsomming – Tydskrifartikel
   AFDELING C: Lees en kyk – Tabelle, simbole en advertensie
   AFDELING D: Taal-in-praktyk en taalversorging – Tydskrifartikel en advertensie
   AFDELING E: Kommunikasie in praktyk – Strokiesprent

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

6. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n NUWE bladsy.

7. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek 'n duidelike streep deur rofwerk wat nie nagesien moet word nie. Waar jy dit nie doen nie, sal jou eerste poging nagesien word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

---

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hier onder aandagtig deur en beantwoord die vrae.



# ONTKIEM

**DEUR – Alicestine October**

Daar is 'n deuntjie in elkeen van ons.
Soms vind dit jou in jou leeftyd – soms nie.

1. Zolani Mahola, voorsanger van die bekende musiekgroep Freshlyground, het duidelik haar deuntjie en haarself gevind. Nie net op wêreldverhoë, soos almal haar ken nie, maar diep binne haarself. En dit was nie altyd maklik nie, sê sy.

2. Waar sy sit by die Blue Café-restaurant in Tamboerskloof breek haar glimlag teen die koue, grys lug. Dit is winter in die Kaap en op oggende soos dié is 'n warm pot tee en heuning net die regte ding vir haar, sê sy.

GRYS HARE EN SELFVERKENNING

3. 'Daar word baie gemaak van hare in die Afrikakultuur', sê sy wanneer sy na haar nuwe, grys kapsel gevra word. Sy is bekend vir haar kleurige pruike en geweefde haarstukke, wat al bykans alle kleure van die reënboog ingesluit het. Hierdie een is ouma-grys met sigbare spatsels van haar eie swart hare aan die onderkant.

4. 'Ek vind soveel moontlikhede om myself uit te druk in verskillende tipes haarstyle. Dit is amper soos 'n vorm van selfverkenning, jy weet. Daar is mense wat swart vroue en hul 'vals' hare oordeel. *Bless them*. Ek dink net ons het te ver gekom om mekaar so verantwoordbaar te hou.'

5. Sy probeer haar hande warm maak met die vashou van die stomende koppie tee. 'Wat beteken dit in elk geval om 'n swart vrou, 'n Afrikaan, te wees in dié wêreld? Mens behoort dit vir jouself vas te stel en nie beperk word met tradisionele norme van wat jy behoort te wees nie.'

6. Zolani het op Vrouedag in die Kaapse stadsaal aan 'n konsert ten bate van kankerbehandeling deelgeneem. Sy het toe nog blou hare gehad. 'Ek wonder soms of dit dieselfde is vir mans – om soos jy ouer word so in jouself in te groei. Om sagter met jouself om te gaan, meer vergewensgesind te wees – om beter te verstaan wat dit beteken om mens te wees.'

7. Dit was 'n lang pad vir Zolani, wat van die New Brighton-township in Port Elizabeth gevorder het tot op wêreldverhoë soos dié van die Apollo-teater in New York, waar die groep op sy Amerikaanse toer vroeër vanjaar opgetree het. 'Dit was nie altyd maklik nie,' sê sy. 'Ek het grootgeword soos 'n buite-staander tussen my mense. Ek het in ander goed belang gestel as ander kinders. Mens kon dit sien in my kleredrag – hoe ek myself aan die wêreld voorgestel het; die mense met wie ek my omring het.'

8. Zolani het 'n model C-skool bygewoon. 'Dit is dié dat die kinders my 'n *cheese kid* genoem het.' Die term verwys na meer bevoorregte township-kinders wat dit kan bekostig om kaas-toebroodjies skool toe te bring; die minder-bevoorregte kinders kan net polonie-broodjies bekostig.

LIEFDE EN 'DADDY ISSUES'

9. Haar ma is dood toe sy nog 'n kind was en haar pa het hom daarna emosioneel onttrek van die wêreld om hom – ook van sy kinders. Zolani het 'n ouer broer en jonger suster. 'So, ek was aan my eie genade oorgelaat. Op 'n manier was dit goed vir my, want dit het my geleer om onafhanklik te wees. Ek het geweet hy is lief vir my. Hy was net nie emosioneel beskikbaar nie. Mens kan sê ek het *daddy issues* gehad.'

10. Sy lag saggies. Zolani het die liedjies 'Nomvula' opgedra aan haar ouers.

[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Lente 2015]

1.1 Wie is die skrywer van hierdie artikel? (1)

1.2 Van watter bekende musiekgroep is Zolani Mahola die voorsanger? (1)

1.3 Dui aan of die volgende aanhaling WAAR of ONWAAR is. 'Freshlyground tree slegs in Suid-Afrika op.' Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3) in die ANTWOORDBOEK neer. Motiveer die antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal. (3)

1.4 Noem die TWEE goed wat sy op 'n koue wintersoggend geniet. (2)

1.5 In watter tydskrif het hierdie artikel oor Zolani verskyn? (1)

1.6 Hierdie onderhoud met Zolani het in 'n eetplek plaasgevind. Wat is die naam van daardie eetplek? (1)

1.7 Zolani het 'n eiesoortige styl. Noem TWEE aspekte waarvoor sy bekend is. (2)

1.8 Gee EEN rede hoekom Zolani as kind haar as 'n buitestaander tussen haar eie mense gesien het. (1)

1.9 Dui aan of die volgende stelling 'n voorbeeld van LETTERLIKE of FIGUURLIKE taalgebruik is en gee 'n rede vir jou antwoord. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

'... om soos jy ouer word so in jouself in te groei' (par 6). (2)

1.10 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Zolani ondersteun die veldtog teen kanker. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Motiveer die antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal. (3)

1.11 In watter township het Zolani grootgeword? (1)

1.12 Verduidelik hoekom die kinders Zolani 'n *cheese kid* genoem het. (2)

1.13 Hoekom is die WOORDE *cheese kid* skuinsgedruk? (1)

1.14 Dui aan die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Zolani het sonder 'n ma grootgeword. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.4) in die ANTWOORDBOEK neer. Motiveer die antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal. (3)

1.15 Watter liedjie het Zolani aan haar ouers opgedra? (1)

1.16 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Zolani was die middelkind van die gesin. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.16) in die ANTWOORDBOEK neer. Motiveer die antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal. (3)

1.17 Na watter gebeurtenis het Zolani se pa homself van haar en die wêreld onttrek? (1)

1.18 Watter les kan 'n mens uit hierdie artikel leer? (1)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf SEWE wenke neer hoe om vuur sonder 'blits' te maak uit die artikel '**Vuur-sonder-blits**'.
- Skryf elke wenk as hoofgedagte in 'n goeie VOLSIN neer.
- Skryf jou sinne ONDER MEKAAR en puntsgewys van nommer 1 tot 7 neer.
- Laat 'n REËL OOP tussen sinne.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die GETAL WOORDE aan die einde van die opsomming aan.

## Hoe om vuur te maak sonder blits!

Tel droë hout in die veld op. Moenie bome verniel nie. Tel slegs stokkies en hout op wat in die veld lê. Sorg dat jy verskillende diktes stokkies en hout optel. Tel ook droë gras op.

Nou pak jy hierdie items in die volgende volgorde: plaas eers die droë gras op die grond neer. Dan sit jy baie dun stokkies op en daarna dun stokke. Volg die pakkery op deur dikker stokkies op te sit. Heel laaste sit jy dik stokke heel bo-op die hoop stokke neer.

Maak altyd seker dat die plek waar jy vuur gaan maak veilig is. Daar moenie droë gras naby die vuurmaakplek wees nie. Jy kan ook klippe rondom die plek waar jy die vuur gaan maak, pak.

Daar waar jy die vuur gaan maak, plaas jy die droë gras in 'n hopie. Jy moet die gras losserig pak. Pak baie dun stokkies in 'n driehoekie bo-op die grond. Steek die droë gras aan die brand. Indien die gras en dun stokkies lekker begin brand moet jy nog stokkies oppak. Daarna die dikker stokkies en as die vuur goed brand, die baie dik stokke. Pak stokkies in 'n driehoekige vorm sodat daar genoeg lug is. Wag vir die kole voordat jy stokbrood of wors op die vuur begin braai.


[Verwerk uit: *www. Houkoers.co.za*] **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: LEES EN KYK

### VRAAG 3: SIMBOLE EN BETEKENIS

Bestudeer die SIMBOLE hier onder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: www. ww.google.co.za/search?q = SIMBOLE]

3.1 Watter simbool dui 'n dameskleedkamer aan? (1)

3.2 Waarteen waarsku die tekening in simbool A? (1)

3.3 Gebruik simbool F in enige eenvoudige wiskundige berekening. Skryf die eenvoudige som neer. (1)

3.4 Wat beteken simbool E? (1)

3.5 Simbool D dui op brandgevaar. Watter kleur dink jy moet hierdie prent wees? Motiveer die antwoord. (2)

3.6 Verduidelik die betekenis van simbool C. (1)


3.7 WAAR of ONWAAR. Simbool B sal in nat omgewings voorkom. (1)

3.8 Wat beteken simbool H? In watter program op die televisie kan so 'n simbool gebruik word? (2)

**[10]**

## VRAAG 4: TABELLE

Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: http://www.grafika24.com/so-verskil-selfoon-netwerke-se-tariewe/]

4.1 Wat word in hierdie tabelle met mekaar vergelyk?

4.2 Watter binnelandse netwerk is die duurste per minuut?

4.3 Watter buitelandse netwerk is die goedkoopste per minuut?

4.4 Wat is die buitelandse tarief vir Vodafone per minuut in randwaarde?

4.5 Wat is die verskil in sent in die binnelandse tariewe van Telkom Mobile en Virgin Mobile?

(5 × 1) **[5]**

**VRAAG 5: SIERADVERTENSIE**

Bestudeer die sieradvertensie hier onder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *www.taalmuseum.co.za*]

5.1 Wat word in hierdie advertensie geadverteer? (2)

5.2 Wie is die teikenmark? (1)

5.3 Noem EEN wyse hoe die leser se aandag in hierdie advertensie getrek word. (1)

5.4 Hoeveel kategorieë is daar vir die deelnemers om in te skryf? (1)

5.5 Op watter streek in Suid-Afrika is hierdie kompetisie gerig? (1)

5.6 Watter TWEE organiseerders reël hierdie kompetisie? (2)

5.7 Noem enige TWEE metodes hoe belangstellendes met die organiseerders in verbinding kan tree. (2)

5.8 Hoe word die leser in hierdie advertensie tot aksie oorreed? (1)

5.9 Wie mag vir kategorie 2 inskryf? (2)

5.10 As jy die ontwerper van hierdie advertensie was, watter kleur sou jy vir die opskrif gebruik het? Gee 'n rede vir die antwoord. (2)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

### VRAAG 6: TYDSKRIF

Voltooi die sinne in KOLOM A hier onder deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.26) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B | | |
|---|---|---|---|
| Die ATKV (6.1) onderwysafdeling het vroeër vanjaar weggespring met die geslaagde (6.2) (ontwikkel + program) vir tien skole in Mitchells Plain. Sedert die instelling van hierdie program is daar 'n verskil in leerders se lewens gesien en hulle vertel hul storie. | 6.1<br>6.2 | Waarvoor staan die afkorting ATKV?<br>Gee die korrekte samestelling. | (2)<br>(1) |
| 'Ek is (6.3) (17) jaar oud en 'n matriekleerder by Spine Road Sekondêre Skool. My ervaring van die program was regtig (6.4) (goed). Voor die program het ek nooit 'n studierooster vir eksamens opgestel nie. Dinge was (6.5) (choas) gedurende eksamens. | 6.3<br>6.4<br>6.5 | Skryf die getal in woorde uit.<br>Gee die antoniem.<br>Skryf die korrekte vorm van die woord. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| Ek het altyd gevoel ek kon baie beter punte gekry het wanneer ek my (6.6) (uitslae) ontvang het. My punte het beslis (6.7) (beter). | 6.6<br>6.7 | Skryf 'n sinoniem neer.<br>Gee die korrekte vorm van die woord. | (1)<br>(1) |
| 'Ons het ook tydens die program (6.8) (video) gekyk van mense wat hul omstandighede te bowe gekom het. My (6.9) (oë) het oopgegaan, want almal glo hulle laste en omstandighede is die (6.10) (erg).' | 6.8<br>6.9<br>6.10 | Gee die meervoudsvorm.<br>Gee die verkleiningsvorm.<br>Gee die oortreffende vorm. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| Ons het ook goeie (6.11) (raad) ontvang. Mens vergeet dat onderwysers ook eenmaal (6.12) (jong) was, maar hulle kan goeie raad gee. | 6.11<br>6.12 | Gee 'n sinoniem.<br>Gee die korrekte vorm van die woord. | (1)<br>(1) |
| Hierdie opleidingsprogram was regtig inspirerend en (6.13) (motiverend/motiferend). Dit was 'n (6.14) (les) wat my sal bybly regdeur my skoolloopbaan.' | 6.13<br>6.14 | Kies die regte spelling.<br>Gee die meervoudsvorm. | (1)<br>(1) |
| Naadirah Titus vertel: 'Vroeër vanjaar was die ATKV (6.15) (gasheer) van 'n (6.16) (werk + winkel) by ons skool. Die (6.17) (doel) van die program was om studente (6.18) (...) motiveer en met die nodige (6.19) (vaardigheid) toe te rus om in matriek uit te blink. | 6.15<br>6.16<br>6.17<br>6.18<br>6.19 | Gee die vroulike vorm.<br>Gee die korrekte samestellling.<br>Gee 'n sinoniem.<br>Voeg die voorsetsel in.<br>Gee die meervoudsvorm. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |

| | | |
|---|---|---|
| Ongeveer tien leerders van tien skole het dit bygewoon (6.20). | 6.20 Skryf die totale getal leerders wat bygewoon het in **woorde** uit. | (2) |
| Die dag was vir my 'n ervaring wat my oë oopgemaak het (6.21). 'n Mens word nie blootgestel aan metodes wat jou studies (6.22) (makliker) maak nie. | 6.21 Skryf die onderstreepte sin in die ontkennende vorm.<br>6.22 Gee die antoniem. | (2)<br>(1) |
| Gewoonlik is die werkslading absolute (6.23) (malligheid/mallighuid) maar nou gebruik ek my tyd meer doeltreffend. Die studierooster het ook wonderlik gewerk (6.24)! | 6.23 Kies die korrekte spelling van die woord.<br>6.24 Wat is die funksie van hierdie leesteken? | (1)<br>(1) |
| My punte het (6.25) (na die werkswinkel) dramaties verbeter. | 6.25 Skryf die sin in die lydende vorm deur met die onderstreepte woorde te begin. | (2) |
| Ek bedank graag die ATKV vir alles wat hulle vir die jeug en hul (6.26) (toekoms) doen. | 6.26 Gee die antoniem. | (1)<br>**[30]** |

[Verwerk uit: *Taalgenoot*: Lente 2015]

**VRAAG 7: TAALVERSORGING van 'n PROMOSIE-ADVERTENSIE**

# GASTEHUIS

Aan De Doorns is 'n (7.1) (plaashys) sowat (7.2) (km) vanaf (7.3) (worcester). Klop hier aan as jy op soek is (7.4) ( ...) gasvryheid.



Die plaashuis bied (7.5) (hierdie dag) (7.6) (ruim/rym) kamers. Ons het gesinskamers met 3 of 4 beddens en gewoonlik is spesiale (7.7) (tarief) gebaseer op die lengte van verblyf en aantal mense.

Aandetes, middagetes en/of wasgoedgeriewe is op versoek beskikbaar. 'n Engelse ontbyt word bedien in ons atmosfeer van (7.8) (egte) gasvryheid met (7.9) (broot) en konfyt deur die plaaslike gemeenskap gemaak. In die somer is die terras onder die prieel en die swembad-area ideaal vir (7.10) (ontspan).

[Verwerk uit: *www.lekkerslaap.co.za*/akkommodasie/aan-de-doorns]

Voer die opdragte uit wat op die promosie-advertensie gebaseer is. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (7.1–7.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

7.1 Korrigeer die spelfout.

7.2 Skryf die afkorting uit.

7.3 Korrigeer die spelfout.

7.4 Gee die korrekte voorsetsel.

7.5 Gee EEN woord.

7.6 Kies die korrekte spelling.

7.7 Gee die korrekte meervoud.

7.8 Gee die sinoniem.

7.9 Korrigeer die spelfout.

7.10 Gee die korrekte vorm van die woord.

(10 × 1) **[10]**


**TOTAAL AFDELING D: 40**

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK**

**VRAAG 8: STROKIESPRENT**

Lees die strokiesprent hier onder aandagtig deur en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: southafricancomicbooks.blogspot.com%25252F2012%25252F01%25252
Fandy-capp-in-afrikaans.htm]

8.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.1–8.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

8.1.1 Die kommunikasie wat plaasvind tussen die man en die vrou is …

A interpersoonlike kommunikasie.
B intrapersoonlike kommunikasie.
C ekstrapersoonlike kommunikasie.
D massakommunikasie.

8.1.2 Die kommunikasie wat in prente 4 tot 6 plaasvind, is 'n voorbeeld van …

A interpersoonlike kommunikasie.
B intrapersoonlike kommunikasie.
C ekstrapersoonlike kommunikasie.
D massakommunikasie.

8.1.3 Die doel van die strokiesprent is om die leser te ...

A oortuig.
B vermaak.
C skok.
D onderrig.

8.1.4 Die stemtoon wat die vrou waarskynlik in die laaste prent gebruik, is …

A vrolik.
B kwaai.
C moeg.
D ernstig.

8.1.5 Die stofwolkies in die voorlaaste prent dui op ...

A spoed.
B 'n tornado.
C reënwolke.
D voertuig-uitlaatgasse.

(5 × 1) (5)

8.2 Wie is die sender van die boodskap in prent 1? (1)

8.3 Wat is die boodskap wat gestuur word? (1)

8.4 Wat is die kanaal waardeur die boodskap gestuur word? (1)

8.5 Noem TWEE dinge hoe ons uit die vrou se liggaamshouding kan sien dat sy woedend is. (2)

Kopiereg voorbehou 

8.6 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (8.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

Die vrou se liggaamshouding in prent 5 is 'n voorbeeld van (verbale/nie-verbale) kommunikasie. (1)

8.7 Hoekom is daar twee uitroeptekens in die praatwolkie van die heel laaste prent? (1)

8.8 Hoekom lyk die vrou so tevrede in prent 4? Verduidelik hoekom jy so sê. (2)

8.9 Kies die korrekte woord: Die vrou (loop/hardloop) in prent 7. (1)

8.10 Kies die regte item uit dié tussen hakies:

Die koerant waaruit die strokiesprent geknip is, is 'n voorbeeld van (massa-kommunikasie/intrapersoonlike kommunikasie). (1)

8.11 Hoekom dink jy was die vrou so kwaad vir die man? (2)
**[18]**

**VRAAG 9: KOMMUNIKASIEPROSES**

9.1 Die kommunikasieproses word as 'n siklus beskryf. Maak 'n eenvoudige skets om hierdie proses tussen twee mense te illustreer en dui die elemente van kommunikasie aan. (5)

9.2 Kies die term uit KOLOM B wat by die beskrywing of voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (9.2.1–9.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.2.1 | Die seun sê vir sy ouma haar breiwerk is 'cool' | A | massakommunikasie |
| 9.2.2 | Jou vriend het oorfone in sy ore en hoor nie toe jy met hom praat nie | B | intrapersoonlike kommunikasie |
| 9.2.3 | 'n Dosent gesels met 'n ander dosent | C | vertikale kommunikasie |
| 9.2.4 | Die student vra 'n vraag aan die kampushoof | D | horisontale kommunikasie |
| 9.2.5 | Die televisie is 'n voorbeeld van ... | E | fisiese hindernis |
| 9.2.6 | Lynette wonder wat sy vandag moet aantrek | F | vooroordeel |
| 9.2.7 | Die man wil nie met die vrou, wat 'n motorwerktuigkundige is, oor sy voertuig se probleem praat nie | G | semantiese hindernis |

(7 × 1) (7)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 140**

Kopiereg voorbehou